

**LIBERTAS TOT MAHLAMBA NDLOPFU**

**‘N KULTUURHISTORIESE STUDIE VAN DIE AMPSWONING VAN DIE  
UITVOERENDE HOOF VAN SUID-AFRIKA IN PRETORIA, 1940-2000**

deur

Xenia Barnard

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

2001

Leier: Prof. O.J.O Ferreira

Medeleier: Me. M. Van Heerden.

# INHOUDSOPGAWE

<b>LYS VAN ILLUSTRASIES.....</b>	<b>V</b>
<b>VOORWOORD.....</b>	<b>IX</b>
<b>HOOFSTUK I.....</b>	<b>1</b>
<b>AMPSWONINGS.....</b>	<b>1</b>
<b>A INLEIDING .....</b>	<b>1</b>
1. Praktiese funksie van ampswonings .....	1
2. Simboliese funksie .....	4
<b>B ENKELE BEKENDE AMPSWONINGS .....</b>	<b>6</b>
1. Die Wit Huis, Washington DC, Verenigde State van Amerika.....	6
2. 10 Downing Street, Londen, Groot-Brittanje.....	7
3. Palais de l' Elysée, Frankryk.....	9
4. Hôtel Matignon, Parys, Frankryk.....	10
5. The Lodge, Canberra, Australië.....	11
<b>C AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA.....</b>	<b>12</b>
1. Die volksplanting en begin van ampswonings in Suid-Afrika.....	12
2. Kaapprovinsie .....	12
a. Fort aan die Kaap die Goeie Hoop.....	12
b. Kasteel aan die Kaap die Goeie Hoop.....	13
c. Newlands, Nuweland .....	15
d. Tuynhuis, Tuine, Kaapstad .....	15
e. Groote Schuur, Rondebosch .....	17
f. Westbrooke, tans Genadendal, Rondebosch .....	20
g. Old Residency, King William's Town .....	22
h. Fort Selwyn, Grahamstad.....	23
3. Natal.....	23
a. Government House, Pietermaritzburg.....	23
b. King's House, Durban .....	24
4. Oranje-Vrystaat.....	25
a. Die Presidensie in Bloemfontein - Warden se woning.....	25
b. Die Presidensie in Bloemfontein van 1861 tot 1886.....	25
c. Die Presidensie in Bloemfontein van 1886.....	26
d. Olieenhuis, Bloemfontein .....	28
5. Transvaal.....	29
a. Presidensiële wonings.....	29
b. Government House, later die Presidensie, Bryntirion, Pretoria .....	32
6. Die woonbuurt Bryntirion .....	33
<b>HOOFSTUK II.....</b>	<b>37</b>
<b>DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING WORD ONTWERP.....</b>	<b>37</b>
<b>A ONTWERP .....</b>	<b>37</b>
1. Kompetisie vir die ontwerp.....	38
a. Besluit om die kompetisie uit te skryf.....	38
b. Algemene gebruik van kompetisies om oor ontwerpe te besluit.....	38
c. Beoordeling van die kompetisie.....	41
d. Voorwaardes vir die kompetisie .....	41
e. Inskrywingsprosedures .....	42
f. Voorwaardes met betrekking tot die toekenning van die kontrak .....	43
2. Akkommodasievereistes.....	44
3. Kommentaar op die kompetisie.....	45
4. Bekendmaking van die wenners.....	48
5. Kommentaar op die ontwerpe .....	48
<b>B GERARD MOERDYK, WENNER VAN DIE KOMPETISIE .....</b>	<b>54</b>
1. Afkoms.....	54



2.	Opleiding .....	56
3.	Loopbaan .....	62
4.	Siening oor die boukuns .....	71
	a. Aard van argitektuur .....	71
	b. Ontwikkeling van boukuns in Suid-Afrika .....	73
	c. Uitsprake oor die boukuns .....	74
5.	Geskille met die Departement van Openbare Werke .....	76
	a. "Verengelsing" van die Departement .....	76
	b. Onnodige oprigtingskoste van staatsgeboue .....	78
	c. Aanstelling van buitelandse argitekte .....	78
	d. Gebruik van onvanpaste boumateriaal .....	80
	e. Opslae in die Parlement .....	80
6.	Moerdyk se oorspronklike wenontwerp vir die eerste-ministerswoning .....	83
7.	Kritiek op die ontwerp .....	86
8.	Wrywing met die Departement van Openbare Werke .....	87
<b>HOOFSTUK III .....</b>		<b>90</b>
<b>OPRIGTING VAN DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING .....</b>		<b>90</b>
	A AANVANG VAN DIE BOUWERK .....	90
	B BOUKOSTE .....	92
	1. Begrote koste .....	92
	2. Kostebesparende veranderinge aan die oorspronklike wenontwerp .....	93
	C STADIGE VORDERING MET DIE BOUWERK .....	97
	D KLAGTES OOR DIE GEHALTE VAN DIE BOUWERK .....	99
<b>HOOFSTUK IV .....</b>		<b>101</b>
<b>DIE VOLTOOIDE WONING TEEN 1940 .....</b>		<b>101</b>
	A DIE WONING TEEN 1940 .....	101
	1. Die woning van buite .....	101
	2. Ligging van die woning .....	102
	3. Die voltooide woning .....	103
	a. Ingangsportaal .....	105
	b. Hoofontvangsvertrek .....	109
	c. Eetkamer .....	113
	d. Sitkamer .....	114
	e. Môrekamer .....	116
	f. Eerste Minister se studeerkamer .....	116
	g. Ontbytvertrek .....	118
	h. Galery .....	118
	i. Slaapkamers .....	119
	j. Dienstevleuel .....	119
	k. Tuine .....	120
<b>HOOFSTUK V .....</b>		<b>123</b>
<b>SMUTS VERKIES DOORNKLOOF BO NUWE EERSTE-MINISTERSWONING, 1939-1948 .....</b>		<b>123</b>
	A GENL. JC SMUTS EN GESIN .....	123
	B SMUTS EN LIBERTAS .....	125
	1. Die Smutsfamilie verkies Doornkloof .....	125
	2. Naamgewing van Libertas .....	131
	3. Inrigting .....	134
	4. Libertas word gebruik .....	139
	5. Inwoners van Libertas tydens die Smuts-regering .....	144
	6. Smuts neem afskeid .....	149
<b>HOOFSTUK VI .....</b>		<b>151</b>
<b>LIBERTAS WORD BEWOON DEUR EERSTE MINISTER DF MALAN, 1948-1954 .....</b>		<b>151</b>
	A DF MALAN EN GESIN .....	151

B	MALAN IN LIBERTAS .....	159
1.	Inrigting .....	162
2.	Personeel.....	165
3.	Voorraadopnames .....	165
4.	Onthale en besoekers aan Libertas.....	168
5.	Bestuur van die huishouding.....	169
6.	Strukturele instandhouding van Libertas.....	171
7.	Malan se uitrede uit die politiek.....	172
<b>HOOFSTUK VII.....</b>		<b>174</b>
<b>JG STRIJDOM SE VERBLYF IN LIBERTAS KORT GEKNIP DEUR SY DOOD, 1954-1958.....</b>		<b>174</b>
A	JG STRIJDOM EN GESIN .....	174
B	DIE STRIJDOMS IN LIBERTAS .....	184
1.	Inrigting .....	185
2.	Tuine.....	190
3.	Onthale en besoekers aan Libertas.....	191
4.	Dood van Strijdom.....	194
<b>HOOFSTUK VIII.....</b>		<b>197</b>
<b>LIBERTAS WORD 'N WARE GESINSWONING IN DIE TYDPERK VAN DIE VERWOERDS, 1958-1966</b>		<b>197</b>
.....		
A	HF VERWOERD EN GESIN .....	197
B	DIE VERWOERDS IN LIBERTAS .....	207
1.	Inrigting .....	211
2.	Tuine.....	217
3.	Personeel.....	220
4.	Voorraadopname.....	222
5.	Onthale en besoekers aan Libertas.....	223
6.	Vertrek uit Libertas .....	233
<b>HOOFSTUK IX.....</b>		<b>237</b>
<b>GROOT VERANDERINGE AAN LIBERTAS IN DIE VORSTER-TYDPERK, 1966-1976 .....</b>		<b>237</b>
A	BJ VORSTER EN SY GESIN .....	237
B	DIE VORSTERS IN LIBERTAS.....	243
1.	Inrigting .....	247
2.	Tuine.....	258
3.	Personeel.....	260
4.	Onthale en besoekers aan Libertas.....	262
5.	Nuwe voorwaardes vir bewoning van die woning.....	264
6.	Veiligheidsmaatreëls.....	265
7.	Uitrede van Vorster.....	266
<b>HOOFSTUK X .....</b>		<b>270</b>
<b>LIBERTAS WORD PRESIDENTSWONING IN DIE TYD VAN DIE BOTHAS, 1976-1989.....</b>		<b>270</b>
A	PW BOTHA EN SY GESIN .....	270
B	DIE BOTHAS IN LIBERTAS.....	276
1.	Inrigting .....	278
2.	Tuine.....	283
3.	Personeel.....	283
4.	Onthale en besoekers aan Libertas.....	284
5.	Uitrede van Botha .....	287
<b>HOOFSTUK XI.....</b>		<b>291</b>

<b>LIBERTAS WORD TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID VERKLAAR IN DIE TYD VAN DIE DE KLERKS, 1989-1994 .....</b>	<b>291</b>
A    FW DE KLERK EN SY GESIN.....	291
B    DIE DE KLERKS IN LIBERTAS .....	298
1.    Libertas word tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar .....	300
2.    Inrigting .....	301
3.    Tuine .....	315
4.    Personeel.....	316
5.    Onthale en besoekers aan Libertas.....	318
6.    Libertas moet vir Overvaal verruil word.....	320
<b>HOOFSTUK XII .....</b>	<b>324</b>
<b>LIBERTAS WORD MAHLAMBA NDLOPFU IN DIE ERA VAN NR MANDELA, 1994-1999 .....</b>	<b>324</b>
A    NELSON MANDELA EN SY GESIN.....	324
B    LIBERTAS WORD MAHLAMBA NDLOPFU ONDER MANDELA.....	333
1.    Inrigting .....	336
2.    Tuine .....	343
3.    Personeel.....	344
4.    Onthale en besoekers aan Libertas.....	346
5.    Uittrede van Mandela.....	349
<b>HOOFSTUK XIII.....</b>	<b>350</b>
<b>MAHLAMBA NDLOPFU BELEEF 'N RENAISSANCE ONDER TM MBEKI, 1999- .....</b>	<b>350</b>
A    THABO MBEKI EN SY EGGENOTE .....	350
B    MBEKI EN MAHLAMBA NDLOPFU.....	354
1.    Vroeëre voorstelle vir die herstel van die woning.....	357
2.    Benarde toestand van die woning.....	362
3.    Bewaringsbeleid van die Departement van Openbare Werke rakende Mahlamba Ndlopfu.....	372
4.    Herstelwerk in 1999-2000.....	374
5.    Die woonbuurt verander.....	383
<b>HOOFSTUK XIV.....</b>	<b>386</b>
<b>EVALUASIE VAN LIBERTAS, TANS MAHLAMBA NDLOPFU.....</b>	<b>386</b>
A    KRITIEK OP MOERDYK SE ONTWERP.....	386
B    VOLDOEN DIE WONING AAN MOERDYK SE EIE VEREISTES? .....	388
C    VOLDOEN DIE WONING AAN DIE VEREISTES VIR 'N AMPSWONING? .....	390
D    VOLDOEN MAHLAMBA NDLOPFU AAN DIE VEREISTES VIR 'N GESINSWONING? .....	395
E    VERGELYKING MET ANDER AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA .....	398
1.    Groote Schuur .....	398
2.    Presidensie, tans die presidensiële gastehuis.....	400
3.    Westbrooke, tans Genadendal.....	401
F    WAT IS DIE HISTORIESE BETEKENIS VAN MAHLAMBA NDLOPFU? .....	402
<b>BRONNE.....</b>	<b>404</b>
<b>OPSOMMING.....</b>	<b>420</b>
<b>SUMMARY .....</b>	<b>422</b>

## LYS VAN ILLUSTRASIES

### **Figuur Verkorte byskrif**

Figuur 1: Die ampswoning van die Amerikaanse president, die Wit Huis, Washington DC.....	6
Figuur 2: 10 Downing Street, die Britse eerste minister se woning in Londen.....	8
Figuur 3: De Kat in die Kasteel in Kaapstad. ....	15
Figuur 4: Tuynhuis. ....	17
Figuur 5: Groote Schuur na die veranderinge deur Herbert Baker.....	20
Figuur 6: Westbrooke, nou Genadendal.....	22
Figuur 7: Die Presidensie van die Oranje-Vrystaat. ....	27
Figuur 8: M. W. Pretorius se woning regs voor, Pretoria ca. 1885. ....	30
Figuur 9: Die voorstel vir die nuwe presidensiële woning in Pretoria wat nooit uitgevoer is nie.....	31
Figuur 10: President S.J.P. Kruger se private woonhuis in Pretoria.....	32
Figuur 11: Die Presidensie. ....	33
Figuur 12: Spotprent oor die koste verbonde aan die nuwe eerste-ministerswoning, 1938-07-15. ....	47
Figuur 13: Die oorspronklike Moerdyk-wenontwerp. ....	50
Figuur 14: Die ontwerp wat in die tweede plek geplaas is. ....	51
Figuur 15: Die G le Sueur-ontwerp wat in die derde plek geplaas is. ....	52
Figuur 16: Gerard Moerdyk, ca. 1913.....	60
Figuur 17: Een van die kerkontwerpe van Moerdyk. ....	63
Figuur 18: Die N.G kerk Pretoria-Oos. ....	65
Figuur 19: Bynabo, Moerdyk se eie woning in Pretoria.....	66
Figuur 20: Sketse deur Moerdyk van die elemente van die Kaaps-Hollandse boustyl. ....	68
Figuur 21: Die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria. ....	70
Figuur 22: Moerdyk se siening oor die Afrikaanse woning.....	75
Figuur 23: Moerdyk by 'n model van die wen-ontwerp van Libertas.....	84
Figuur 24: Voorstelle van Moerdyk vir die Premier se studeerkamer.....	91
Figuur 25: Die foto van die bouwerk aan die amper voltooide woning op 1939-09-13. ....	92
Figuur 26: Oorspronklike ontwerp vir die eerste verdieping.....	94
Figuur 27: Die gewysigde grondvlakontwerp vir Libertas. ....	94
Figuur 28: Die ontwerp vir die eerste verdieping van Libertas. ....	96
Figuur 29: Die fondament van Libertas in wording.....	98
Figuur 30: Die keermure van Libertas in aanbou. ....	98
Figuur 31: Die voltooide ampswoning in 1944. ....	102
Figuur 32: Die noordelike aansig van die woning. ....	103
Figuur 33: Die boligte wat inheemse blomme uitbeeld. ....	104
Figuur 34: Een van twee Karel XI-stoele in die voorportaal.....	105
Figuur 35: Die inkstander.....	108

Figuur 36: Die geskenk van generaal JBM Hertzog en ‘n skildery deur F. Oerder. ....	109
Figuur 37: Die koperdeurhandvatsels. ....	110
Figuur 38: Die kiaatkamer in 1944. ....	111
Figuur 39: Een van die staanhorlosies saam met die inlegwerkstoel. ....	112
Figuur 40: Die uitleg van die kelder voor die veranderinge in 2000. ....	120
Figuur 41: Die uitleg van die tuine. ....	121
Figuur 42: Generaal J.C. Smuts. ....	123
Figuur 43: Die woning op Doornkloof kort na die aankoop daarvan in 1909. ....	126
Figuur 44: Spotprent oor die feit dat Smuts eerder op Doornkloof as in Libertas gewoon het. ....	130
Figuur 45: Mevrouw Isie Smuts. ....	132
Figuur 46: Mevrouw Smuts se ouerhuis in die tyd dat Libertas in Pretoria gebou is. ....	133
Figuur 47: Mevrouw Smuts by die viering van Libertas se voltooiing, 1940-11-21. ....	140
Figuur 48: Spotprent oor mev Smuts se “Gifts and Comforts Organization”. ....	141
Figuur 49: Genl. Smuts tydens die oorhandiging van die publikasie Veldtog vir Vryheid in Libertas. ....	142
Figuur 50: Louis Smuts en haar bruidegom, Denis McIlldowie, op hulle troudag, 1943-10-23. ....	143
Figuur 51: Smuts en Churchill saam met hooggeplaaste offisiere. ....	145
Figuur 52: Smuts saam met prinses Frederika en haar man, kroonprins Paul. ....	147
Figuur 53: Dr D.F. Malan en mev Malan. ....	154
Figuur 54: Malan en sy dogter Marietjie. ....	157
Figuur 55: Libertas in die tyd van Malan. ....	160
Figuur 56: ‘n Duidelike bewys dat Malan by die huis was. ....	162
Figuur 57: Die kiaatkamer in die tyd van Malan. ....	163
Figuur 58: Die silwerwarekluis in Libertas. ....	164
Figuur 59: J.G. Strijdom, s.a. ....	175
Figuur 60: Strijdomhuis op Nylstroom, 1999. ....	177
Figuur 61: Die Strijdomgesin. ....	178
Figuur 62: Middagskof. ....	187
Figuur 63: Koffietyd. ....	189
Figuur 64: Studente van die Pretoriase Onderwyskollege saam met mev Strijdom. ....	192
Figuur 65: Estelle Strijdom en T. Langley met hulle verlowing in Libertas, 1958-06-07. ....	193
Figuur 66: Dr H.F en mev Betsie Verwoerd. ....	198
Figuur 67: Verwoerd uitgebeeld as ‘n persoon met ‘n onwrikbare wil. ....	201
Figuur 68: Verwoerd word na die sluipmoord-aanval uit die Parlement geneem. ....	203
Figuur 69: Verwoerd op die strand saam met sy familie. ....	204
Figuur 70: Stokkiesdraai. ....	206
Figuur 71: Libertas tydens die verblyf van die Verwoerds. ....	208
Figuur 72: Verwoerd tydens die ontvangs van die Boedts-beeld. ....	216
Figuur 75: Die tuinonthaal vir die John X. Merriman-tak van die Nasionale Party by Libertas. ....	227
Figuur 73: Libertas se eetkamer gereed vir ‘n onthaal. ....	225
Figuur 74: ‘n Tafelplan in Verwoerd se handskrif. ....	226



Figuur 76: Die Verwoerds en hulle kleinkinders op die stoep van Libertas. ....	232
Figuur 77: Die Verwoerd-gesin by Libertas na die begrafnis. ....	234
Figuur 78: Mevrou Verwoerd groet lede van die huishouding voor haar vertrek na Duitsland. ....	235
Figuur 79: Mevrou Verwoerd in die woning op Stokkiesdraai. ....	236
Figuur 80: Die Vorster-gesin op die troudag van Elsa. ....	240
Figuur 81: Mnre. B.J. Vorster en H. Kissinger, Junie 1976. ....	242
Figuur 82: Noord-aansig van Libertas voordat die stoepe toegebou is om die eetkamer te vergroot. ....	248
Figuur 83: Moerdyk se oorspronklike grondvlakplan met die oop stoepe. ....	249
Figuur 84: Die vergrote eetkamer en die Pierneefkamer. ....	249
Figuur 85: Noord-aansig van Libertas nadat die stoepe toegebou is om die eetkamer te vergroot. ....	250
Figuur 86: Die vergrote eetkamer gereed vir 'n onthaal. ....	250
Figuur 87: Een van die tapisserieë wat tans in Grootte Schuur hang. ....	258
Figuur 88: Vorster voor sy strandhuis op Oubos. ....	267
Figuur 89: Die Botha-egpaar op hulle troudag, 1943-03-13. ....	274
Figuur 90: Mnr. PW Botha lewer sy eerste toespraak as Eerste Minister, 1967-09-28. ....	275
Figuur 91: Westbrooke (nou Genadendal) ....	278
Figuur 92: Die Pierneefvertrek in Libertas in die Bothas se tyd. ....	279
Figuur 93: Mnr. en mev Botha in Libertas se kombuis. ....	280
Figuur 94: Die hoofslaapkamer van Libertas, ca. 1989. ....	281
Figuur 95: Die oorspronklike planne vir die hoofslaapkamer van Libertas. ....	281
Figuur 96: Die inryportaal ("porte-cochère"). ....	282
Figuur 97: Die tent wat soms gebruik is om die onthaalruimte te vergroot. ....	285
Figuur 98: Die uitslae van die referendum oor 'n driekamer-parlement word by Libertas afgewag. ....	286
Figuur 99: Botha na sy beroerte-aanval. ....	287
Figuur 100: Die Anker, die Bothas se woning by Wilderness. ....	288
Figuur 101: Die De Klerk-gesin. ....	294
Figuur 102: Marike de Klerk en Elita Georgiades. ....	297
Figuur 103: Veranderinge wat deur die De Klerks aangebring is. ....	302
Figuur 104: Die oorspronklike Moerdyk-planne vir die eerste verdieping. ....	303
Figuur 105: Die vergrote damesgastekleedkamer in die voorportaal. ....	304
Figuur 106: Die nuwe damesgastekleedkamer. ....	305
Figuur 107: Die braaiplek op die oostelike vleuel se dak. ....	306
Figuur 108: Van die slaapkamers wat gelaat is soos dit in die Bothas se tyd was. ....	306
Figuur 109: 'n Slaapkamer wat herversier is. Dit is die slaapkamer waarin die Georgiadis-egpaar gewoonlik oornag het. ....	307
Figuur 110: Mevrou De Klerk se sitkamer regoor die President se kantoor. ....	308
Figuur 111: Die Pierneefkamer met sy sagte mentgroen kleurskakering. ....	309
Figuur 112: Die kiaatkamer in die tyd van die De Klerks. ....	309
Figuur 113: Die voorportaal. ....	310
Figuur 114: Die kiaatkamer met die staanhorlosie en inlegstoele. ....	312



Figuur 115: Die Pierneefkamer met die skildery Stellenberg deur Gwelo Goodman teen die muur. ....	313
Figuur 116: Die President se studeerkamer. ....	314
Figuur 117: Nelson en Winnie Mandela op hulle troudag, 1958-06-14. ....	327
Figuur 118: Die beskuldigdes in die hoogverraadsaak in 1957. ....	326
Figuur 119: Graça Machel en Elize Botha tydens die ondertekening van die Verdrag van Nkomati, Maart 1984. ....	330
Figuur 120: Mandela omring deur sy kleinkinders. ....	333
Figuur 121: 'n Skildery van die President in die voorportaal van Mahlamba Ndlopfu. ....	342
Figuur 122: Die eetkamer met die groot seetoneel deur João Tavares teen die muur. ....	337
Figuur 123: 'n Tafel in die Pierneefkamer gedek vir een. ....	338
Figuur 124: Die President se slaapkamer. ....	337
Figuur 125: "Eyewitness", een van die nuwe kunswerke in die woning. ....	342
Figuur 126: Mandela op sy tagtigste verjaarsdag, 1999-07-18. ....	348
Figuur 127: Thabo Mbeki in ontspanne luim met sy pyp. ....	352
Figuur 128: Voorstelle vir die westelike vleuel met die gasteslaapkamers en waskamers. ....	359
Figuur 129: 'n Voorstelling van die woning se oostelike aansig met stoepe. ....	360
Figuur 130: Voorstelle vir 'n Presidensiële suite op die eerste verdieping. ....	361
Figuur 131: Voorstelle vir die noordelike terras se tuine. ....	362
Figuur 132: Duidelike krake in die mure bokant die President se kantoor. ....	363
Figuur 133: Die onooglike groot lugversorgingseenheid buite die vensters van die môrekamer. ....	366
Figuur 134: Die bome wat die uitsig na die noorde belemmer. ....	367
Figuur 135: Die eetkamer met die opvallende pilare. ....	368
Figuur 136: Die pilare in die Pierneefvertrek. ....	369
Figuur 137: Een van die slaapkamers wat later in 'n kantoor verander is. ....	378
Figuur 138: Die slaapkamer wat in 'n administratiewe kantoor verander is. ....	380
Figuur 139: Die oorspronklike veiligheidsheining aan die agterkant. ....	381
Figuur 140: Opvallende lugversorgings-uitlate is deur kleiner eenhede vervang. ....	382

## VOORWOORD

Die ligging van Libertas, tans Mahlamba Ndlopfu, is simbolies van die geskiedskrywing oor die huis - soos wat die woning opsigtelik hoog teen die koppie geleë is, is dit ook in die kultuurgeskiedenis belangrik. Die ampswoning staan gewortel in die wel en wee van die land soos deurleef deur die inwoners daarvan – die Eerste Ministers en Presidente van Suid-Afrika - maar net soos dit in die woonbuurt Bryntirion agter ontoeganklike heinings en wagte versteek is, was die geskiedenis van die woning verborge en onopgeteken en die waarde daarvan vir die land nie erken nie.

Die belangrikheid van ampswonings blyk uit die feit dat verskeie ampswonings binne en buite Suid-Afrika reeds deeglik nagevors en 'n aantal boeke daaroor gepubliseer is. In die Verenigde State van Amerika word die geskiedenis van die presidensiële ampswoning, die Wit Huis, as so belangrik beskou dat 'n organisasie, die White House Historical Association, gestig is wat hom op die geskiedenis daarvan en verbandhoudende aspekte toespits. Die Wit Huis was reeds die onderwerp van uitgebreide studies, soos W Seale se tweedelige werk, *The President's House* (Washington, 1986). Ander bekende ampswonings is ook gereeld die onderwerpe van studies. Downing Street 10 is 'n bekende landmerk en word ingesluit in algemene argitektoniese naslaanbronne soos A Saunders se *The art and architecture of London* (Oxford, 1984). Op die Internet het verskeie bekende ampswonings hulle eie webtuistes soos die Franse Presidentswoning by [www.elysee.fr](http://www.elysee.fr), of vorm dit 'n onderafdeling van 'n regeringswebtuiste soos [www.pm.gov.au](http://www.pm.gov.au) van Australië. Ten spyte van dié duidelike belangstelling in die tuistes van lande se regeringshoofde, bestaan nog geen vergelykbare bron oor die ampswoning van die Suid-Afrikaanse President in Pretoria nie.

In Suid-Afrika is die bekendste ampswoning waarskynlik Groote Schuur. Selfs al word dit tans nie as ampswoning gebruik nie, wek dit steeds belangstelling en is verskeie boeke daaroor gepubliseer. Dit sluit in publikasies soos B Maree se *Groote Schuur, 'n kosbare erfenis* (Pretoria, 1993) en meer onlangs PB Simons se *Groote Schuur, great granary to stately home* (Vlaeberg, 1996). Die Kaapse presidensiële ampswoning wat tans gebruik word, is Genadendal, voorheen Westbrooke. Die Departement van Openbare Werke het 'n brosjure oor Westbrooke uitgegee en

dieselfde eer het King's House, die ampswoning in Durban, te beurt geval, ten spyte daarvan dat die woning baie min gebruik was. Hierdie publikasies is in samewerking met die gades van die ampsdraers saamgestel. Mevrou Elize Botha het hulp verleen met die een oor Westbrooke en mev Marike de Klerk met die publikasie oor King's House.

Ander voormalige ampswonings was ook reeds die onderwerp van studies. Oor die Presidentswoning van die Republiek van die Oranje-Vrystaat bestaan die studie van M Botes *Van Residensie tot Presidensie: 'n kultuurhistoriese studie van die ampswonings in Bloemfontein* (MA-verhandeling, UP, 1993) en dié woning word gereeld gemeld in algemene bronne oor die landstreek en die argitektuur. Daar bestaan eweneens verskeie bronne oor die woning van president SJP Kruger, soos WJ de Kock se boek, *Die Krugerhuis, Pretoria* (Pretoria, 1955).

Selfs oor die ampswonings van minder bekende ampsdraers het publikasies die lig gesien. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Overvaal, die woning van die voormalige Administrateur van die Transvaal, wat die onderwerp was van J Ploeger se studie, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, (Pretoria, 1963). Voormalige Suid-Afrikaanse ampswonings, soos Government House in Pietermaritzburg en The Old Residency in King William's Town, word ook vermeld in algemene bronne soos DJ Potgieter (Ed.) se *Standard encyclopaedia of Southern Africa* (II, IV, Cape Town, 1971), G Viney se *Colonial houses of South Africa* (Cape Town, 1981), D Picton-Seymour se *Historical buildings in South Africa* (Cape Town, 1989) en K Schoeman se *Vrystaatse erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu* (Kaapstad, 1971).

In vergelyking met ander ampswonings skiet die geskiedskrywing oor Libertas erg tekort. Dié ampswoning word wel kortliks vermeld in ensiklopedieë soos DJ Potgieter (Ed.) se *Standard encyclopaedia of Southern Africa* (II, IV, Cape Town, 1971) en in werke soos Ploeger se *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning* en P Hartdegen se *Our building heritage: an illustrated history* (Halfway House, 1988).

Die belangrikste bestaande sekondêre bron oor Libertas is die glansbrochure van R Simpson, *Libertas*, (s.a., s.p.) van sowat twintig bladsye. Die brochure is uitgegee met die oog op die ope dae wat mev Marike de Klerk vroeg in die laaste dekade van die 20ste eeu gehou het. Dit is nie 'n volledige kultuurhistoriese studie nie, want daar word net op die meubels en kunswerke in die woning gekonsentreer. Die argitek en die geskiedenis van die woning word net vlugtig bespreek

en min verwysings na die opeenvolgende leiers en die gepaardgaande veranderinge aan die woning word gemaak.

Hierdie verhandeling is 'n kultuurhistoriese studie van Libertas, tans Mahlamba Ndlopfu. Die studie kan breedweg in drie gedeeltes verdeel word: die oprigting, die opeenvolgende inwoners en 'n waardebeplanning van die woning as amptelike verblyfplek van die President. Al die temas word chronologies behandel. Hoofstuk een tot vier bespreek die kompetisie vir die ontwerp, die aangewese argitek, die oprigting van die woning en die voltooide ampswoning. Die tweede gedeelte beslaan 'n aantal hoofstukke wat handel oor die opeenvolgende inwoners en hulle invloed op die woning. In hierdie hoofstukke is 'n verdere onderverdeling gemaak. Eerstens bevat dit 'n kort biografiese skets van elk van die inwoners en hulle betrokkenheid by die woning. Verder word die inrigting daarvan, die tuine, belangrike besoekers en onthale aan die woning bespreek. Soms was daar 'n tema wat nie by die ander hoofstukke vermeld is nie en wat uniek aan 'n sekere inwoner was. Voorbeelde hiervan is die naamgewing van Libertas tydens die bewind van JC Smuts, die naamsverandering met die presidentskap van NR Mandela en die kritiek oor die woning se toestand met die huidige presidentskap van T Mbeki. In die laaste hoofstuk word die sukses van die woning aan die hand van verskeie deskundiges soos die argitek self, voormalige inwoners en bekende argitekte geëvalueer. Ten slotte word 'n waardebeplanning van die woning vir die land en sy mense gedoen.

Die opeenvolging van inwoners het veranderinge aan die voorkoms, inhoud en funksie van die woning tot gevolg gehad. Van 'n staatsgastehuis in die Smuts-era met sy wortels diep in die Afrikanernasionalisme tot 'n werkende ampswoning as deel van 'n huidig veelrassige regering, is veranderinge 'n deurlopende tema van die studie. Vandaar die titel wat hierdie veranderinge deur die naam aandui: *Van Libertas tot Mahlamba Ndlopfu: 'n Kultuurhistoriese studie van die ampswoning van die uitvoerende hoof van Suid-Afrika in Pretoria, 1940-2000.*

Tydens die navorsingsproses is van 'n groot verskeidenheid bronne gebruik gemaak. Argivale bronne en dokumente wat deur staatsdepartemente geberg is, was uiters belangrik. By die Nasionale Argief van Suid-Afrika (voortaan NASA) in Pretoria was die argiewe van die Eerste Minister en van die Departement van Openbare Werke van groot waarde. Verder is inligting by staatsdepartemente soos die Kantoor van die Presidensie, Pretoria en die Departement van Openbare Werke, Pretoria opgespoor. Die woning self beskik oor drie lêers oor die woning.

Twee van dié lêers bestaan uit 'n opname van die kunswerke in die jare sestig van die vorige eeu. Dit toon groot leemtes oor inligting aangaande meubels en kunswerke wat tans werklik in die woning is. Die laaste lêer bevat inligting wat tydens die skryf van die brosjure *Libertas* deur Simpson versamel is.

Die feit dat minstens vier verskillende staatsdepartemente by die woning betrokke was, het die opspoor van inligting bemoelijk. Eerstens was die inligting versprei. Inligting is dus broksgewys op verskillende plekke deur die navorser opgespoor om die studie so volledig as moontlik te maak. As gevolg van die betrokkenheid van verskillende departemente is dieselfde tipe inligting ook nie deurlopend gehou nie. Party eras se argief lêers bevat voorraadopnames en interne bestuursregulasies van die woning, maar ander lêers uit latere tydperke het daardie tipe inligting glad nie bevat nie.

'n Bykomende probleem was dat 'n groot gedeelte van die argiefstukke as gevolg van die regulasies van NASA nog nie vir die algemene publiek beskikbaar is nie. Spesiale toestemming om dit te bestudeer, is hiervoor verkry. Toestemming is verleen, maar met beperkings op die gebruik van die inhoud. Huidige regeringsdokumente oor die woning is nog nie in NASA beskikbaar nie en was gevolglik nie vir die navorser toeganklik nie.

Die dokumente in die Departement van Openbare Werke, Pretoria, wat tans vir die instandhouding van die woning verantwoordelik is, bevat byna geen bruikbare inligting nie. As gevolg van die aard van die woning en die veiligheidsaspekte daaraan verbonde, is bepaalde dokumente nie vir navorsers toeganklik nie. Resente inligting soos planne en foto's wat die sekuriteit van die woning in die gedrang bring, is nie deur die Departement van Openbare Werke vir navorsing beskikbaar gestel nie.

Sekondêre bronne was van groot waarde. Aangesien hierdie navorsing juis aangepak is omdat geen vergelykende sekondêre bron bestaan nie, is op bronne gesteun wat handel oor mense wat met die woning te doen gehad het. Hier was die boeke van Annatjie Boshoff oor HF Verwoerd en sy eggenote van ontskatbare waarde. Aspekte soos onthale, besoekers en die lewe van die Verwoerds in die woning is noukeurig opgeteken. Dié inligting het meegebring dat party van die hoofstukke, soos dié oor Verwoerd, heelwat langer is as ander, want oor Verwoerd is baie meer oor sy privaatlewe geskryf as byvoorbeeld oor dié van DF Malan en BJ Vorster.

Die bestaan van sekondêre bronne oor persone wat direk by die woning betrokke was, was geen waarborg dat inligting oor die woning verkry sou word nie. 'n Baie breedvoerige outobiografie soos NR Mandela se *Long Walk to Freedom* (Randburg, 1994) en J D'Oliveira se biografie *Vorster - the man* (Johannesburg, 1977) lewer min inligting oor die onderwerp van studie op, nl. kultuurhistoriese aspekte van die woning en die inwoners se belewing daarvan. In die meeste gevalle word die woning bloot terloops vermeld by die bespreking van 'n ander onderwerp, soos oor GL Moerdyk, 'n biografie oor 'n staatsman en publikasies oor die politiek en argitektuur.

Daar is veral in die latere hoofstukke gesteun op mondelinge en skriftelike mededelings van voormalige inwoners, personeellede verbonde aan die ampswoning of die Departement van Openbare Werke en kontrakteurs. Dié mense se deelname was van groot waarde waar ander bronne tekort geskiet het en sodanige mense meer onlangse inligting kon verskaf.

Met persoonlike mededelings is verskeie probleme ondervind. Van die eertydse inwoners en hulle gesinne het deelname aan die studie geweier omdat hulle nie uitsprake wou maak wat reaksie tot gevolg kon hê of hulle privaatheid kon skend nie. Die feit dat die ampswoning as 'n simbool van die "Ou Suid-Afrika" of die "Nuwe Suid-Afrika" gesien kan word, het baie persone waarskynlik afgeskrik om kommentaar te lewer. 'n Nuwe vertolking van die geskiedenis sou dalk familieledede of leiers in 'n ongunstige lig plaas.

'n Aantal persone het hulle samewerking geweier omdat hulle bekommerd was dat hulle uitsprake moontlik in die pers kon beland en hulle nie hulle posisie, besigheid of kontakte met die staat in die gedrang wou bring nie. Baie voormalige personeellede verbonde aan die huishouding het die staatsdiens verlaat en is moeilik om op te spoor en onwillig om kommentaar op voormalige leiers en hulle doen en late te lewer. Met die nuwe politieke bedeling in die land is min mense bereid om hulle herinnerings aan die ampswoning en voormalige inwoners te deel. Party se werklading het dit vir hulle onmoontlik gemaak om aan die studie deel te neem.

Persone wat tans by die woning betrokke is, is nog nie met die woning se geskiedenis bekend nie en soms word dit nog as 'n simbool van die vorige bedeling beskou en het dit glad nie 'n geliefde plekkie in die hart nie. Personeellede van staatsdiensdepartemente soos die Departement van



Openbare Werke en die Kantoor van die Presidensie is in baie gevalle nuut aangestel in poste en is nie op die hoogte van sake met die woning nie.

Niemand by die woning of by die verantwoordelike staatsdepartement is amptelik opdrag gegee om rekord te hou van gebeure, besoekers of veranderinge aan die woning nie. Selfs die besoekersboek van die woning is wisselvallig deur gaste geteken. Dokumente is ook nie altyd van belang geag nie en soms is planne, dokumente en inligting weggegooi of vernietig, want die waarde daarvan is nie besef nie. 'n Groot hoeveelheid inligting het verlore gegaan omdat die kulturele en sosiale sy van die geskiedenis deur baie mense as onbelangrik beskou is en daarom nie bewaar is nie. In dié opsig is dit te betreur dat daar nie meer boeke soos dié van me. Boshoff oor die privaatlewens van staatshoofde verskyn nie, aangesien dit die kultuurhistoriese aspekte weerspieël. Die omvattendste bron oor die woning, *Libertas*, bevat ook min inligting oor die belewing van die woning deur sy inwoners of gaste.

Dit was van onskatbare waarde om die ampswoning persoonlik te kon besoek. Tydens sodanige besoeke kon die onpersoonlike inligting en koue feite in 'n belewenis van die atmosfeer, afmetings en ontwerp omgesit word. Baie inligting is tydens dié besoeke oor die toestand van die woning ingesamel, die probleme wat met die woning geassosieer word, die skoonheid van die ontwerp asook oor die binneversiering. Dit was voorwaar 'n plesier om die woning te kon besigtig en bestudeer hoewel die tydsduur van besoeke beperk was.

Besoeke kon net in die inwoners se langdurige afwesigheid gereël word om nie die personeel en die inwoners te verontrief nie. 'n Hele aantal afsprake om die woning te besoek, is afgestel as gevolg van die staatshoof se veranderde program of die aanwesigheid van besoekers aan die woning. Omdat die woning as 'n privaatwoning gebruik word, mag die navorser tydens besoeke daaraan nie privaatvertrekke soos kantore of slaapkamers besoek nie, hoewel die beperkinge van inwoner tot inwoner verskil het. Besoeke aan die woning kon dus net met moeite gereël word. Die neem van foto's is deur die Departement van Openbare Werke beperk.

Om die geskrewe feite toe te lig, is relevante en insiggewende illustrasies in die studie geplaas. Planne van die woning is verkry van privaat-argitekte, die Nasionale Argief, die Universiteit van Pretoria, die Stadsraad van Pretoria en die Departement van Openbare Werke. Die veranderinge aan die vloerplan van die woning kon nagevors word deur die planne van die oorspronklike

ontwerp tot latere veranderinge aan die woning te bestudeer. Planne met voorstelle om die akkommodasieprobleme van die woning op te los deur byvoorbeeld die stoepe toe te bou of slaapkamers in privaat-eetkamers te verander, het waardevolle inligting verskaf oor watter probleme met die woning bestaan het. Van die ouer planne was egter reeds in 'n gevorderde toestand van verwerping en was dus nie vir insluiting in die studie kopieerbaar nie.

Om sekuriteitsredes is die jongste planne van veranderinge in 2000 nie deur die Departement van Openbare Werke beskikbaar gestel nie en moes van besoeke aan die woning en gesprekke met die argitek gebruik gemaak word om dié veranderinge te beskryf.

Eweneens is ook nie veel foto's van die binnekant van die woning gepubliseer nie. Wanneer die voer van onderhoude en die neem van foto's aan tydskrifte en koerante toegestaan is, is nie al die vertrekke afgeneem nie en is inligting en foto's meestal tot ontvangsvertrekke beperk. Dit is gevolglik byvoorbeeld onduidelik hoe die slaapkamers en selfs die kantoor van die Eerste Minister in die tyd van dr DF Malan of adv JG Strijdom gelyk het.

Soms het foto's van 'n persoonlike aard, van die woning of geleentheid daar, in die biografieë van leiers verskyn. Hier is die boeke van Boshoff nogmaals van ontskatbare waarde deurdat foto's van die Verwoerd-gesin en hulle lewe in die woning daarin verskyn het. In latere jare het baie van die sosiale geleentheid ook nie meer by die ampswoning plaasgevind nie, maar in die Kaap of by die presidensiële gastewoning in Pretoria.

In slegs een geval was 'n lid van die voormalige personeel bereid om persoonlike foto's vir plasing beskikbaar te stel. Dit verskyn in die hoofstuk oor PW Botha en gee 'n intieme dimensie aan die hoofstuk.

Daar is by slegs een geleentheid tydens die inwoningstyd van NR Mandela aan die navorser toestemming gegee om foto's van die woning te neem. Voorts is die neem van foto's in spesifieke vertrekke soos die badkamers en sommige slaapkamers verbied. Foto's waarvan die neem wel toegelaat is, is met vrug in die studie gebruik.

Die naamgewing en naamsverandering van die woning het tot gevolg dat daar drie name vir die verblyfplek in die verhandeling gebruik word. Tot en met die naamgewing deur mev IM Smuts

word in die studie net na die woning as die amnpswoning van die Eerste Minister in Pretoria verwys. Mevrou Smuts het in die veertigerjare van die vorige eeu die naam Libertas aan die woning gegee. Daarna word deurgaans na die woning as Libertas verwys totdat die naam deur NR Mandela na Mahlamba Ndlopfu verander is. In die laaste hoofstuk - waar baie voormalige inwoners, personeellede en betrokkenes hulle menings uitspreek - word die benaming Mahlamba Ndlopfu gebruik, al het die betrokke persone moontlik van Libertas gepraat.

Daar bestaan twee aanvaarde spellingswyses van Moerdyk/ Moerdijk. In die werk is verkies om die spelling Moerdyk te gebruik. Dit blyk om die weergawe te wees wat GL Moerdyk self verkies het.

Aan die einde van so 'n projek moet mense en instansies bedank word wat 'n bydrae tot die sukses van die studie gelewer het. Eerstens my studieleier, prof OJO Ferreira. Hy het my met praktiese raad en deeglike leeswerk gelei en gemotiveer. Sonder hom sou die studie nie suksesvol gewees het nie.

My dank gaan ook aan mej M van Heerden, my medestudieleier. Haar navorsing oor aanverwante onderwerpe, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960): 'n Kultuurhistoriese studie*, (MA-verhandeling, UP, 1997) en *Stokkiesdraai, die Verwoerdversameling in beeld en dokument*, (Pretoria, 1984) was besonder bruikbaar.

Verskeie persone en instansies het gewaardeerde bystand aan my verleen. Die Universiteit van Pretoria se departemente Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Argitektuur, Interieurontwerp en Landskapsargitektuur en die Akademiese Inligtingsdiens. Die Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria, Nasionale Biblioteek, Pretoria, Nasionale Film-, Video- en Klankargief, Pretoria, Smutshuismuseum, Doornkloof, en veral me. Penny Grimbeeck, die voormalige kurator van dié museum, die Strijdomhuis op Nylstroom en die Schoemansdal-museum by Louis Trichardt. Waardevolle hulp is ook van die Departement van Openbare Werke en die kantoor van die Presidensie ontvang, Pretoria.

Waardering word betuig teenoor privaatpersone wat tyd ingeruim het om my te spreek, soos voormalige en huidige personeellede, staatsamptenare, argitekte en deskundiges op hulle onderskeie gebiede.

Daar is 'n aantal mense wat in hulle privaathoedanigheid vir hulle bydrae tot die studie bedank moet word. My skoonouers, prof CJ en mev MW Barnard, wat menigmaal met die lankgesoekte feite, name en telefoonnommers na vore gekom het. Dr Rob en Sally Hurlin, Monique en Kalla van Staden, Mientjie Carbonell, Susan Bakker, Irma Joubert en Qwen Barnard vir tegniese bystand. My ouers, mnr GG en mev JL Sinden, Tiny en Leonie Sinden en Zander Sinden vir die motivering en ondersteuning. Aan Faan Barnard - my man - dankie vir die luister, hulp en belangstelling; dankie dat jy elke nuwe brokkie inligting met net soveel opwinding soos ek bestudeer het.